higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N4

19 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1: KAARTWERK

1.1
- Om plekke soos lande of dorpe op die aardbol te vind
- Om geografiese kenmerke soos berge, riviere, mere, oseane en enige ander natuurlike kenmerke te toon
- Om 'n spesifieke bestemming te vind; dit kan 'n land, 'n stad of dorp, 'n streek, 'n attraksie of 'n provinsiale grens wees
- Om huidige of historiese grense te toon
- Om landvorms te toon, met kontoerlyne en hoogte bo seevlak
- Om infrastruktuur soos spoorlyne, lughawens, huisvesting en paaie te toon
- Om bobou soos geboue, byvoorbeeld stadions, te toon
- Om temas te toon, soos klimaat
- Om skaal en afstand te toon (Enige 4 × 1) (4)

1.2 Dit is 'n metode om die verhouding of ratio tussen die afstand op 'n kaart en die ooreenstemmende afstand op die grond aan te dui. (2)

1.3 Ewenaar (2)

1.4 Politieke kaart (2)

1.5 Rigting word byvoorbeeld gebruik om 'n beskrywing te gee van waarheen om te gaan of aan watter kant van 'n stad die toeris inkom. (2)

1.6 'n Politieke kaart dui provinsies, state, lande en stede aan. (2)

1.7
1.7.1 Breedte: -31,953512 Lengte: 115,857048

1.7.2 Breedte: -22,970722 Lengte: -43,182365

1.7.3 Breedte: -33,918861 Lengte: 18,423300

(3 × 2) (6)

1.8
1.8.1 Port Nolloth
1.8.2 Noord-Kaap
1.8.3 Botswana
1.8.4 Drakensberg
1.8.5 Bloemfontein

(5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 2: SUIDELIKE EN SUID-AFRIKA

2.1 Orange-rivier/Senqu-rivier (1)

2.2 Mapungubwe
Een duisend jaar gelede was Mapungubwe in die Limpopo-provinsie die middelpunt van die grootste koninkryk op die subkontinent, waar 'n hoogs gesofistikeerde volk goud en ivoor aan China, Indië en Egipte verhandel het.
(1 + 2) (3)

2.3
- OR Tambo Internasionale Lughawe
- Lanseria Internasionale Lughaw (2)

2.4 Die Suid-Afrikaanse konsulaat of ambassade in die land waar die toeris woonagtig is (2)

2.5
- Vrystaat
- Wes-Kaap
- Noordwes (3)

2.6 African National Congress (ANC) (1)

2.7
- Kralewerk
- Vuvuzela
- Volstruiseiers
- Draadwerk (Enige relevante 2 × 1) (2)

2.8 Kaap Agulhas (1)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1
3.1.1 D
3.1.2 C
3.1.3 A
3.1.4 B
3.1.5 F
(5 × 2) (10)

3.2 'n Natuurlike of mensgemaakte terrein, gebied, of struktuur wat weens die belangrikheid daarvan erkenning ontvang deur die Wêrelderfeniskonvensie. (2)

3.3 3.3.1
- Boland-bergkompleks
- Baviaanskloof-megareservaat
- Boosmansbos
- Wildernisgebied
- Sederberg De Hoop-natuurreservaat
- Winterhoek-Swartberg
- Tafelberg Nasionale Park (Enige 6 x 1) (6)

3.3.2
- Gehoorsaam spoedreëls in die gebied.
- Moenie enige plante verwyder nie.
- Moenie vuur sonder toesig laat nie.
- Moenie rommel strooi nie. (Enige 3 × 2) (6)

3.3.3 Nee (1)

3.3.4
- Die Kaapse Floristiese Streek hou ‘n natuurlike betekenis in.
- Blomme of plante is ‘n natuurlike verskynsel, sonder menslike inmenging. (2 x 1) (2)

3.4
- Dit bestaan uit ‘n string kafees of restaurante.
- Het uitstekende huisvestingfasiliteite.
- Bied watersportgeleenthede. (Enige relevante 3 × 2) (6)

3.5 N 7 (2)

3.6
- Oos-Kaap
- Noord-Kaap (2)

3.7
- Ysskaats, Grand West Casino
- Besoek die Twee Oseane-akwarium
- ‘Kiting’ by Bloubergstrand
- Besoek die temapark by Ratanga Junction (Enige 3 × 1) (3)

[40]

VRAAG 4

4.1
4.1.1 Onwaar
4.1.2 Waar
4.1.3 Onwaar
4.1.4 Waar
4.1.5 Onwaar
4.1.6 Waar
4.1.7 Onwaar
4.1.8 Waar
4.1.9 Waar
4.1.10 Onwaar

(10 × 1) (10)

4.2
- Wits-kunsmuseum
- Wits-lewenswetenskapmuseum
- Antropologie-museum
- Adler-museum
- Oorsprongsentrum-museum (5)

4.3 4.3.1 Histories (1)

Dit is die amptelike setel van die nasionale regering; dit huisves die kantore van die Suid-Afrikaanse president, en is geleë bo-op Meintjieskop in die voorstad Arcadia in Tshwane. Dit is ‘n belangrike Suid-Afrikaanse erfenisterrein; die indrukwekkende gebou word omring deur terrastuine wat ‘n panoramiese uitsig oor die stad bied.

Hierdie ikoniese gebou is veral gedenkwaardig omdat Nelson Mandele in 1994 as die eerste demokraties verkose leier van Suid-Afrika daar ingehuldig is, ‘n oomblik wat direk op televisie aan miljoene kykers dwarsoor die wêreld vertoon is.

(Enige relevante 2 × 1)

4.3.2 Kultureel (1)

Die Indiese handelaars is tydens die apartheidera deur die sekerheidsmagte aangekeer en uit Pageview se 14de straat verdryf na waar die huidige Oosterse Plaza vandag geleë is; hulle moes hergroepeer om hulle lojale klante te behou.

Die plaza is in die middel-70’s gevestig; die aanvanklike handeldrywende dae by die winkelsentrum was nie so rooskleurig nie, aangesien die handelaars uit hulle florerende besighede verwyder is na ‘n vrywel onbekende terrein toe.

Met 360 winkels in die Oosterse Plaza sal jy ‘n unieke inkopie-ervaring ontdek, aangedryf deur tradisie en kultuur. Die Oosterse Plaza is sedert die 1970’s in die hart van Johannesburg gevestig.

(Enige relevante 2 × 1)

4.3.3 Natuurlik (1)

Die Sterkfontein-grotte by die Wieg van die Mensdom verteenwoordig een van die wêreld se rykste fossielterreine, en die internasionale wetenskaplike gemeenskap staan steeds verstom oor die ontdekkings wat daar gemaak word.

Die Sterkfontein-grotte is wêreldberoemd vir hulle fossielvondste en is ‘n gewilde bestemming vir besoekers. (Enige relevante 2 × 1)

4.3.4 Kultureel (1)
Die Tlokwe-ruïnes is die oorblyfsels van Sotho-Tswana-nedersettings op die heuwels rondom Fochville in Gauteng, Suid-Afrika. Hulle is bewoon totdat die inwoners in die 1820's deur die Mzilikazi verdryf is.

Die Sotho-Tswana-mense het ongeveer 300 jaar voor die 1815-1840-Difaqane en die 1815-1816 vulkaniese winter hier gewoon. Hulle het sorghum en mielies in die vrugbare valleie verbou en met vee geboer, en was 'n florerende gemeenskap.
(Enige relevante 2 × 1)

4.3.5 Natuurlik (1)
Tswaing is 'n bewaringsgebied van 1 946 hektaar wat die tuiste is van 'n meteorietimpak-krater en omringende vleiland, sowel as die oorblyfsels van 'n ou soutfabriek.

Tswaing, wat Setswana is vir 'plek van sout', is die terrein waar 'n meteoriet so groot soos 'n halwe voetbalveld 220 000 jaar gelede teen die aarde gebots het, en 'n krater van 1,4 km in deursnee en 200 m diep gevorm het.

Hierdie krater, voorheen bekend as die Pretoria-soutpan, is een van ongeveer 170 impakkraters in die wêreld en een van vier bekende impakkraters in Suid-Afrika. (Enige relevante 2 × 1)
(5 × (1 + 2)) (15)

4.4 Die toonaangewende Soweto wil die lewe geniet, en die voorstede het talle eetplekke, sjebeens (tavernes), plekke met musiek en lewendige nagklubs.

Eet by ‘n pad-*shisanyama* (afsetpunt wat vlamgeroosterde vleis verkoop), en as jy kans sien probeer ‘n smiley (gekookte skaapkop), ‘n plaaslike lekkerny.

Besoek Wandie’s Place, ‘n Soweto-restaurant wat al ‘n instelling is en waar bekendes van oor die wêreld die plaaslike spesialiteite geniet. Besprekings is noodsaaklik. Ontmoet die stad se élite by Nambitha of gee jou oor aan die heerlike kos, bier en hope atmosfeer by Sakhumzi’s in Vilakazi-straat, oorkant die Mandela Huis-museum.

Volg die bling en die musiek – *marabi* en *kwaito* (vorms van gewilde Suid-Afrikaanse musiek wat in die townships ontstaan het), funk en blues wedywer om gehoor te word op die volgepakte ultrastylvolle dansvloere van hierdie mega-partytjiestad. Jazz is al sedert die 1960’s inherent deel van Soweto, en uitvoerings vind voortdurend in plaaslike gemeenskapsale, sjebeens of in iemand se agterplaas plaas – trek dus gerus ‘n stoel nader.

Woon ‘n plaaslike voetbalwedstryd in die Orlando-stadion by. Die passie waarmee hierdie pragtige spel vereer word, is aansteeklik en indien jy die wenspan ondersteun het kan jy verwag dat dinge luidrugtig gaan bly tot sonsopkoms. Rond jou ervaring af met ‘n nag of twee in ‘n plaaslike Bed-en-Ontbyt, waar jy oombliklik een van die familie word en werklik hierdie wonderlike township ‘sien’.

Jy kan ook meer aktief raak en fietstoere en vierwiel-motorfietstoere van Soweto onderneem, of selfs ‘n bungee-sprong doen uit een van die kleurvolle koeltoerings.

Die geskiedenis is nog ‘n rede om te kom en sommige van Suid-Afrika se mees ikoniese struggle-terreine te besoek – die Hector Pieterson-gedenkteken; die Orlando-hoërskool wie se leerlinge onder die katalisators getel het in die Soweto-opstand van 16 Junie 1976; en die Regina Mundi Katolieke Kerk in Moroka wat as geestelike toevlugsoord vir duisende Soweto-inwoners gedien het en wat ‘n kritiese rol gespeel het in die township se geskiedenis van weerstand teen apartheid – om net ‘n paar te noem.

In Soweto se oudste voorstad, Orlando, in Vilakazi-straat, is die Mandela Huis, nou ‘n museum, en daar naby is die eertydse huis van Aartsbiskop Desmond Tutu; dit maak dit die enigste straat ter wêreld waar twee Nobelpryswenners eens gewoon het. Enige toepaslike antwoord (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

5.1

5.1.1	B
5.1.2	A
5.1.3	D
5.1.4	A
5.1.5	A
5.1.6	C
5.1.7	B
5.1.8	B
5.1.9	A
5.1.10	C

(10 × 2) (20)

5.2

5.2.1
- Mpumalanga
- Limpopo (2)

5.2.2
- Olifant
- Renoster
- Buffel
- Leeu
- Luiper (5)

5.2.3
- Lug
- Land (2)

5.2.4 Cheetah (1)

5.2.5
- Mierleeu
- Olifantmuis/Klip klaasneus
- Bergskilpad
- Rooibek-buffelwewer
- Renosterkewer (5)

5.2.6
- Moenie jou voertuig verlaat nie.
- Ry stadig.
- Bly op die aangewese paaie.
- Moenie die diere voer nie.
- Moenie aan die diere raak nie. (Enige relevante 5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 6

6.1

6.1.1	C	
6.1.2	E	
6.1.3	A	
6.1.4	B	
6.1.5	F	
		(5 × 2) (10)

6.2.1
- 'Die vriendelike stad'
- 'Die winderige stad' (2 × 2) (4)

6.2.2
- Cacadu-streek
- Nelson Mandela Metro-streek
- Buffalo City Metro-streek
- Amathole-streek
- OR Tambo-streek
- Alfred Nzo-streek
- Joe Gqabi-streek
- Chris Hani-streek (8)

6.3
- Rhodes-universiteit, Grahamstad
- Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth
- Universiteit van Fort Hare, Alice
- Walter Sisulu-universiteit, Mthatha (4 × 2) (8)

6.4

6.4.1	Die Uilhuis, Nieu-Bethesda	
6.4.2	Die Groot Pynappel, Bathurst	
6.4.3	Die Eierrots, Cradock	
6.4.4	Die Drostdy-museum, Uitenhage	
6.4.5	Die Seal Point-vuurtoring, Kaap St. Francis	
		(5 ×2) (10)
		[40]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 E
7.1.2 C
7.1.3 F
7.1.4 B
7.1.5 D

(5 × 2) (10)

7.2 7.2.1 Hawane-dam
7.2.2 Mlilwane-wildreservaat
7.2.3 Mahamba-Ravyn
7.2.4 Ezulwini-vallei
7.2.5 Groot Lusutfu-rivier

(5 × 2) (10)

7.3 7.3.1 'n Land wat heeltemal deur land omsluit word

7.3.2 Koning Mswati III

7.3.3 Manzini

7.3.4 Koning Mswati III Internasionale Lughawe

7.3.5 Umhlanga/Rietdans (Lutsango)

(5 × 2) (10)

7.3.6
- Die Umhlanga, of Rietdansseremonie, is 'n jaarlikse Swazi- en Zulu-gebeurtenis.
- In Swaziland reis tienduisende jong, ongetroude, kinderlose meisies en vroue uit die verskillende kapteinsgebiede na die Ludzidzini koninklike dorpie om aan die agtdag-gebeurtenis deel te neem.
- Die meisies word volgens ouderdom geregimenteer.
- Die families van meisies wat buite die eg swanger geraak het, word beboet met 'n koei.
- Die Umhlanga is in die 1940's in Swaziland onder die heerskappy van Sobhuza II geskep.
- Dit is 'n aanpassing van die baie ouer Umcwasho-seremonie.
- Die rietdans word vandag steeds in Swaziland beoefen.
- In Suid-Afrika is dit in 1991 deur Goodwill Zwelithini, die huidige Koning van die Zulus, bekendgestel.
- In Suid-Afrika vind die dans plaas in Nongoma, 'n koninklike kraal van die Zulu-koning. (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

7.3.7
- Batik
- Glasware
- Houtkam
- Swazi-juweliersware
- Kralewerk (Enige relevante 2 × 1) (2)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou